# Die verlamde man

*Markus 2:1-12*

1. ONTHOU: Lees Matteus 14:30. Waar moet ons fokus wees?

*Ons moet onthou om ons fokus op die Here te hou en op Hom te vertrou in elke situasie. Die lewe is maar rof en daar gebeur baie dinge rondom ons wat ons aandag kan aftrek en maak dat ons misluk, maar die Here wil hê dat ons op Hom moet vertrou en op Hom en sy wil moet fokus.*

2. Lees Markus 2:2-4. Waarom kon die mense nie die verlamde man by die deur indra na Jesus toe nie? Watter plan maak hulle toe?

*Daar was so baie mense by die huis waar Jesus met die mense gepraat het dat hulle net nie by die deur kon in, verby al die mense om by Jesus uit te kom nie. Die mense moes al gehoor het van dit wat Jesus leer en die wonderwerke wat Hy doen en daarom dat hulle so saamdrom rondom Hom. Die verlamde man se vriende besluit om hom deur die dak te laat sak tot voor Jesus.*

3. Waarom dink jy bring hierdie mense die verlamde man nou juis na Jesus toe? (Vgl. Markus 2:1-2, 5)

*Hulle moes ook, soos al die ander mense wat daar saamgedrom het, gehoor het van Jesus se wonderwerke en geglo het dat as hulle die verlamde man net tot by Jesus kan kry dat Hy die man wel kan gesond maak. Ons lees juis van hulle geloof. Daarom dat hulle alles in hulle vermoë doen om by Jesus uit te kom. Hulle kom dus na Jesus toe vir genesing.*

4. Lees Markus 2:5-7. Jesus se woorde aan die verlamde man is egter nie wat enige iemand verwag nie? Wat sê Hy en wat is die Skrifgeleerdes se probleem daarmee?

*Die mense het dadelik 'n wonderwerk verwag, dat die Here die man se verlamming gaan genees, maar Jesus se vir hom sy sonde is vergewe. Dit ontstel die skrifgeleerdes want net God kan sondes vergewe en hulle sien net hierdie man voor hulle en verstaan nie dat Hy juis die mag het om sondes te vergewe omdat Hy God self is.*

5. Lees Markus 2:8-12. Wat is dit wat die Here Jesus hier bewys deur hierdie wonderwerk as Hy sê dit is makliker om vir iemand te sê sy sondes is vergewe as om 'n verlamde man te genees?

*Die vergifnis van sondes is iets wat in 'n mens se hart gebeur waar niemand dit kan sien nie. Die verlamde man wat genees is kan almal sien gebeur, hy was verlam, maar nou kan hy loop. Jesus kom wys dat Hy waarlik God is deurdat sy woorde waar bewys word. Hy bewys dat Hy wel die mag het om sonde te vergewe, dat Hy wel GOD is, deur die verlamde man te genees.*

6. Lees Markus 2:11-12. Markus gebruik 'n formule hier wat ons nou al leerken het in Jesus se wonderwerke. Wat gebeur as Jesus praat en wat sê dit oor wie Hy is? *Net God praat en dit gebeur. "Laat daar lig wees. En daar was lig." Jesus praat en dit gebeur. Hy is God self!! Hy sê vir die verlamde man hy moet opstaan en loop en onmiddellik staan hy op en loop. Dit bewys net weer dat Jesus self ook God is!*



WESKERK KIDZ
waar elkeen sy kerk is